# BRIDGING THE GAP

## Dissipelskapreeks September en Oktober 2018

## SA GEMEENTE LONDEN

## Kleingroepe



**Week 2: CONNECT**

*Daar is 'n "gap"(gaping) tussen wie ons is en wie die Here wil hê ons moet wees. As ons Jesus wil volg, sy dissipels wil wees, wil leef soos Hy geleef het, moet ons hierdie gaping oorsteek.*
*Om 'n dissipel van Jesus te wees vra van jou om 'n paar belangrike besluite te neem – en dit is meer as om net 'n keuse te maak, dit is iets wat jy doelbewus en aktief sal moet gaan doen.*

***Gesels heel eerste oor hierdie vraag:***

Hoeveel tyd spandeer jy gemiddeld per dag op sosiale apps – facebook, twitter, wattsapp, etc en waarom dink jy is dit so gewild?

***Gesels nou oor hierdie vraag:***

Alleenwees is die siekte van ons tyd. Hoekom dink jy is mense vandag meer alleen?

**LEES/READ – Genesis 3:8-10, 4:1-12**

**Daar is 2 belangrike vrae** wat God hier vra **– 3:9 en 4:9**

**Lees nou Matteus 22:37-40.** In watter mate **vra Jesus** eintlik **presies dieselfde 2 vrae?**

**Antwoord nou hierdie vrae eerlik:**

Waarom dink jy kruip Adam en Eva weg?

Waarom kruip ons vir God weg?

En waarom soek God hulle? Wat wil dit vir ons sê oor hoe God is?

Waarom dink jy hou God Kain verantwoordelik vir sy broer?

**Kain maak die ontdekking dat hoe hy mense (sy broer in hierdie geval) hanteer, gaan vir ewig 'n effek op sy lewe hê! Jesus meet ons toewyding aan Hom altyd aan ons verhouding met mense! Matt 22:37**



**Die sleutel om die gap oor te steek** tussen jou en God en jou en ander mense **is om genade te verstaan.**

**Wat het ander al gedoen**, **wat dit vir jou maklik gemaak het** om 'n verhouding met hulle te hê, om hulle vriende te wees?

**Dwarsdeur die Ou Testament** kom die Here na Israel en verklaar Hy dat Hy vir hulle **lief is – ten spyte van alles wat hulle verkeerd doen. En maak Hy dit eintlik vir hulle maklik om die gap oor te steek terug na God toe.**

**En ten diepste maak dit konneksie moontlik tussen God en mens.**



**En nou hierdie vraag:**

**Wat kan jy doen om die gap tussen jou en ander oor te steek** (*as ons God se voorbeeld dan volg)*?

*(Sake soos vergewe, vergiffenis vra, genade hê, eerste uitreik, soek, weer probeer ens)*

**Verhoudings werk net uit genade... dis hoe jy die gap oorsteek**



**Bid oor die volgende saak:**

- **Vir belangrike verhoudings in jou lewe – goed en sleg**
- **Vra vergiffenis vir sake wat die konneksie met God en ander afbreek**
- **Vra vir meer genade**